Biblioteek


# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Friday, 21st September 1962. WINDHOEK Vrydag, 21 September 1962. No. 2430


CONTENTS


PROCLAMATION:—

No. 226 (Republic) Commission of Enquiry into South West Africa Affairs . . . . .

GOVERNMENT NOTICE—

No. 1535 (Republic) Appointment of a Commission of Enquiry into South West Africa Affairs .


INHOUD


PROKLAMASIE:—

(Republiek) Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede van Suidwes-Afrika . . . . . 1285

GOEWERMENTSKENNISGEWING—

(Republiek) Aanstelling van Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede van Suidwes-Afrika . 1285


## PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

No. 226 of 1962 (Republic).]

COMMISSION OF ENQUIRY INTO SOUTH WEST AFRICA AFFAIRS

By virtue of the powers vested in me by section one of the Commissions Act, 1947 (Act No. 8 of 1947), I hereby declare that the provisions of the aforesaid Act shall be applicable to the Commission of Enquiry into South West Africa Affairs which I have this day appointed.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on this Eleventh day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-two.

C. R. SWART,
State President.

By order of the State President-in-Council,

H. F. VERWOERD.

## PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

No. 226 van 1962 (Republiek).]

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA AANGELEENTHEDE VAN SUIDWES-AFRIKA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel een van die Kommissiewet 1947 (Wet nr. 8 van 1947), verklaar ek hierby dat die bepalings van voornoemde Wet van toepassing is op die Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, wat ek vandag benoem het.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein op hede die Elfde dag van September Eenduisend Negehonderd Twee-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade,

H. F. VERWOERD.

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 1535 (Republic).] [21st September, 1962.

APPOINTMENT OF A COMMISSION OF ENQUITY INTO SOUTH WEST AFRICA AFFAIRS

It is hereby notified for general information that the State President has been pleased to appoint a Commission of Enquiry into South West Africa Affairs with the following terms of reference:

Having regard to what has already been planned and put into practice, to enquire thoroughly into further

No. 1535 (Republiek).] [21 September 1962.

AANSTELLING VAN KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA AANGELEENTHEDE VAN SUIDWES-AFRIKA

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Staatspresident behaag het om 'n Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede van Suidwes-Afrika aan te stel, met die volgende opdrag:

Om, lettende op wat reeds beplan en gedoen is, 'n deurtastende ondersoek in te stel na die verdere bevor-

promoting the material and moral welfare and the social progress of the inhabitants of South West Africa, and more particularly its non-White inhabitants, and to submit a report with recommendations on a comprehensive five year plan for the accelerated development of the various non-White groups of South West Africa, inside as well as outside their own territories, and for the further development and building up of such native territories in South West Africa.

With a view to this investigation, the attention of the Commission is particularly directed to the task of ascertaining — while fully taking into consideration the background, traditions and habits of the native inhabitants — how further provision should be made for their social and economic advancement, effective health services, suitable education and training, sufficient opportunities for employment, proper agricultural, industrial and mining development in respect of their territories, and for the best form of participation by the natives in the administration and management of their own interests. The Commission is empowered to investigate any other matter which in its opinion may be of importance in this connection, including the financial implications and the manner in which any appropriation of funds should take place.

And in order that the Commission may be better able to carry out this Commission, it is granted full power and authority to interrogate at its discretion all persons who in its opinion are able to furnish information on the subjects mentioned in its terms of reference or on matters relating thereto; to obtain, inspect and make extracts from all books, documents, papers and registers of the Government or of the Administration of South West Africa which in its opinion contain information on the said subjects; and to conduct investigations into the subject matter of this enquiry in any other authorised manner.

Instructions have further been given that, owing to his exceptional knowledge of South West Africa and its native population, Mr. HERBERT JOSCELYN ALLEN should render special assistance to the Commission whenever necessary.

The Commission has been requested to report to the State President as soon as possible, preferably within twelve months, on its findings and recommendations.

The Commission consists of —

THE HON. FRANS HENDRIK ODENDAAL,
as Chairman,

and

DR. HENDRIK JOHANNES VAN ECK,
PROF. DR. HENDRIK WILLEM SNYMAN,
PROF. DR. JOHANNES PETRUS VAN SCHALKWYK BRUWER,

and

DR. PETRUS JOHANNES QUIN,
as members.

Any person, group or body desirous of making representations to the Commission on any matter within its terms of reference, is invited to submit as soon as possible, but not later than Friday, 2nd November, 1962, a memorandum in tenfold to the following address:

The Secretary,
Commission of Enquiry into South West Africa Affairs,
P. O. Box 383, PRETORIA.

dering van die stoflike en morele welsyn en die sosiale vooruitgang van die inwoners van Suidwes-Afrika, en wel meer bepaald die nie-Blanke inwoners, en verslag met aanbevelings uit te bring oor 'n omvattende vyfjaarplan vir die versnelde ontwikkeling van die verskillende nie-Blanke groepe van Suidwes-Afrika, sowel in hul eie gebiede as daarbuite, en vir die verdere ontwikkeling en opbou van sodanige inboorlinggebiede van Suidwes-Afrika.

Met die oog op hierdie ondersoek word die aandag van die Kommissie in die besonder daarby bepaal dat, met inagneming van die inboorlinge se agtergrond, tradisies en gewoontes, vasgestel moet word hoe verder gesorg kan word vir hul maatskaplike en ekonomiese opheffing, doeltreffende gesondheidsdienste, geskikte onderwys en opleiding, voldoende arbeidsgeleenthede, geskikte landboukundige, nywerheids- en mynbouontwikkeling ten opsigte van hul gebiede, en vir die beste vorm van deelname deur die inboorlinge aan die administrasie en bestuur van hul eie belange. Die Kommissie word gemagtig om enigiets verder te ondersoek wat hiermee mag saamhang na sy oordeel, insluitende die finansiële implikasies en die wyse waarop enige bewilliging van fondse moet geskied.

En ten einde die Kommissie beter in staat te stel om hierdie opdrag uit te voer, word volle bevoegdheid en gesag aan hom verleen om na goeddunke alle persone te ondervra wat volgens sy oordeel inligting kan verstrek oor die onderwerpe wat in sy opdrag genoem word of oor aangeleenthede wat daarmee in verband staan; om alle boeke, dokumente, stukke en registers van die Regering of van die Administrasie van Suidwes-Afrika wat volgens sy oordeel inligting kan bevat oor die genoemde onderwerpe te verkry, te ondersoek en uittreksels daaruit te maak; en om op enige ander geoorloofde wyse navraag te doen betreffende die onderwerpe van hierdie ondersoek.

Verder is opdrag gegee dat spesiale hulp, wanneer nodig, aan die Kommissie verleen sal word deur mnr. HERBERT JOSCELYN ALLEN, vanweë sy besondere kennis van Suidwes-Afrika en sy inboorlingbevolking.

Die Kommissie is versoek om so gou doenlik, verkieslik binne twaalf maande, aan die Staatspresident verslag te doen oor sy bevindings en aanbevelings.

Die Kommissie bestaan uit —

SY EDELE FRANS HENDRIK ODENDAAL,
as Voorsitter,

en

DR. HENDRIK JOHANNES VAN ECK,
PROF. DR. HENDRIK WILLEM SNYMAN,
PROF. DR. JOHANNES PETRUS VAN SCHALKWYK BRUWER,

en

DR. PETRUS JOHANNES QUIN,
as lede.

Enige persoon, groep of liggaam wat vertoë tot die Kommissie wil rig oor die sake binne die bestek van die opdrag, word uitgenooi om so gou moontlik, maar nie later nie as Vrydag, 2 November 1962, 'n memorandum in tienvoud by die volgende adres in te dien:

Die Sekretaris,
Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede van Suidwes-Afrika,
Posbus 383, PRETORIA.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur
Printed in South West Africa by John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek 8